# *Ons Kandelaar is 75 Jaar!*

***Gereformeerde Kerk Krugersdorp***




Ons Kandelaar
September 1999
ONS
KANDELAAR
PSALM 34:21
Ons Kandelaar

# *Inhoud*

**Page 2 - 3**

- *Wat is die Ons Kandelaar? Waarvoor staan dit?*

**Page 4**

- *Geskiedenis van die ons Kandelaar*

**Page 5**

- Herinneringe van 'n "vouer"

**Page 6 - 15**

- *Uittreksels uit die Ons Kandelaar in die loop van die jare*

**Page 16 – 19**

- *Brief van die redakteurs*

**Page 20 – 27**

- *Brief van die predikante*

**Page 28**

- *Ons Kandelaar is 75 Jaar!*

# *Wat is die Ons Kandelaar?*

# *Waarvoor staan dit?*

Deur die Ons Kandelaar word die Here en sy woord versprei deur preek opsommings, ’n huisgodsdiens rooster, artikels, berigte, kennisgewings en soortgelyke inhoud. Wat help dit om te praat as mense nie kan onthou wat jy gesê het nie? Ons Kandelaar vervul hierdie rol in ons gemeente.

Ons Kandelaar deel ook die lief en leed van die gemeenskap van die gelowiges om ’n liefdevolle en koesterende sfeer te skep waarin ons deel in mekaar se vreugde en hartseer.

’n Kandelaar is ’n staander vir kerse,  In die kandelaar moet kerse wees wat brand. Hierdie kerse stel natuurlik die lidmate voor wat brand vir die Here, Sy Kerk en Sy Koninkryk. ’n Kers het drie funksies:


- 1 ’n kers versprei lig,
- 2 ’n kers skep warmte,
- 3 ’n kers is ’n bron van energie.

Dit was (en is steeds) die bedoeling met Ons Kandelaar. Daar is deur die jare ’n kandelaar sigbaar op die voorblad van die nuusbrief om die lig van die Ons kandelaar en die lidmate wat brand vir die Here, sy kerk en koninkryk te toon.

Soos wat ’n mens deur die uitgawes van die Ons Kandelaar blaai, word dit duidelik dat daar ’n lig skyn. ’n Lig wat soos die lig van die kandelaar in die heilige van die tabernakel sê:  God is hier teenwoordig en Hy is in sy groot genade met sy kinders besig.


Ons KANDELAAR
Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Jaargang 53 Nommer 2
Gemeente – Nuusbrief
19 Januarie 2003


ONS KANDELAAR
Gemeente - Nuusblad
Gereformeerde Kerk Krugersdorp
Jaargang 48
Nommers 1 - 34
1998


Ons Kandelaar
DIE GER. GEMEENTE KRUGERSDORP
Maandblad van die
Gereformeerde Kerk in Krugersdorp
Jaargang Elf
JANUARIE 1961


Ons
Kandelaar
JAARGANG 30 — Julie 1980 nr. 7

# *Geskiedenis van die ons Kandelaar*

DS. WJ de Klerk maak bekend van die geleentheid wat hy gehad het om in ONS KANDELAAR sy skrywers talent te kon gebruik. Na hom het br Jan Coetzee, br Charl van Rensburg, br AN van der Linde, br Tjaart Coetzee, sr Brechtje Hatting, br Daan Lessing, br Piet Gous, br Lubbert van Andel en sr Janet du Plooy as redakteur van die Gemeenteblad gedien.

Die eerste jare van die Ons Kandelaar was dit ’n maandblad met baie eensoortige probleme - inhoud, nuus wat al ou-nuus is, afrolmasjien wat wasvelle skeur, tikster wat op nommer 99 kopie kry, ensovoorts.

En dan vanaf 1981 ’n weekblad! Wat ’n verbetering, maar ook nie sonder probleme nie, veral die tydsfaktor! Om te dink dat dit eers ’n eenmankommissie was, ongelooflik.

Vanaf die middel van 2006 het die kerkkantoor die verantwoordelikheid vir die nuusbrief oorgeneem.

Met die koms van ds. Mulder breek daar ’n ware feestyd aan. Sr Ria neem die grootste deel van die tikwerk op haar, die Wyks nuus is nie meer ’n probleem nie, ds. Arnold begin met ’n huisgodsdiens rooster, sr Marietjie van Rooyen teken die wonderlikste buiteblaaie wat gewoonlik by die preek tema van daardie Sondag aangesluit het.

Die inwoners van Moria en ander lidmate, het toe besluit dat dit onmoontlik is vir die redakteur om alleen 6x250 bladsye af te rol, te vou en te versamel... en so het die werk van die ‘Vouers’ begin.

Die vouers het elke Vrydagmiddag bymekaargekom, en so word Vrydagmiddag ’n vreugde: lekker terg, gesels en net somaar lekker bymekaar wees. So lekker dat hulle later die bladsye in verskillende kleur moes dupliseer omdat die invoeging van bladsye dit effens deurmekaar laat loop het.

# *Herinneringe van 'n "vouer"*

Al die vou werk was glad nie harde werk nie en die tyd het eintlik te gou verbygegaan. Ons was soos 'n familie wat ons probleme, vreugdes en kommer met mekaar gedeel het. Persoonlik was ek baie spyt toe tegnologie die vou werk en ons vervang het.

– sr Ina van der Merwe

Vrydag was die hoogtepunt van ons week, ons het almal in mekaar se hartseer en geluk gedeel. Drienie het altyd met ons gedeel oor die maanfases en hoe die maan werk sy was ons persoonlike maan-kenner. November was die afsluiting by Lubbert en Irene se huis, dan het ons eers gekuier. As vouers het ons baie pret gehad, nuwe mense leer ken en nuwe vriendskappe gevorm wat ons altyd sal koester.

– br Francois en sr Shiela-Ann Joubert

**Die laaste "vouers" van ONS KANDELAAR was** : Francois en Shiela-Ann Joubert, tant Drinie Kruger, Ina van der Merwe, Vina van der Walt en Lubber van Andel. Van tyd tot tyd het inwoners van Moria ook kom help – Sonder hulle sou daar geen ONS KANDELAAR gewees het nie!

# Uittreksels uit die Ons Kandelaar in die loop van die jare

## Uit die Ons Kandelaar 5 Augustus 1962

GEREFORMEERDE KERK - KRUGERSDORP.

STATISTIEK OOR BYWONING VAN EREDIENSTE.
(Periode 1 Augustus 1961 - 31 Julie 1962)

| | |
|---|---|
| Huisgesinne | 201. |
| Belydende Lidmate | 441. |
| Dooplidmate | 303. |
| Ouderlinge | 20. |
| Diakens | 20. |

## Uit die Ons Kandelaar 1979

KRUGERSDORP-OOS GEMEENTE NEEM AFSKEID:

Vanaf Sondag 14 Januarie 1979 sal die gemeente Krugersdorp-Oos nie meer saam met ons in een erediens verenig wees nie, maar in die skoolsaal van die Kenmare-Laerskaal byeenkom. Op Sondag 7 Januarie neem ons dus van hulle so 'n klein bietjie afskeid. Dit is nie so maklik nie. Vir soveel jare het ons op dieselfde uur in dieselfde kerkgebou saamgekom. Ons het so gewoond geraak aan mekaar dat ons amper nie daaraan wil dink dat ons mekaar nie meer Sondag-oggende en -saans in die kerkgebou sal sien nie. Maar die kerkgebou kan ons nou eenmaal nie almal op dieselfde uur akkommodeer nie. Daarom was die enigste uitweg om - of dieselfde kerkgebou op 'n ander uur te gebruik, of 'n ander lokaal te bekom.

Noudat die gemeente Krugersdorp-Oos afsonderlik sal vergader - bid ons die gemeente die seën van die Here toe.

In die toekoms sal daar nie meer die verskoning aangevoer kan word dat die kerk te vol was nie. Daar is nou volop plek. Ons ideaal is om lidmate sover te bring dat hulle nie onderlinge byeenkoms versuim nie ..... en dit des te meer namate ons die dag sien naderkom.

HEBR; 10 : 25 - .. en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien naderkom.

---

# God laat sy kandelaar brand

## uit die Ons Kandelaar Junie 1958 deur J.L. Helberg

God se kandelaar bly altyd brand. Hy sorg self daarvoor. Hy is nie van mense afhanklik nie. Ons eie volks- en kerkgeskiedenis toon dit ook baie duidelik. Die voortrekkers bv. daardie stoere gelowiges het byna geheel sonder 'n predikant moes lewe. So het ook die Gereformeerde Kerk hier in ons land tot stand gekom, nie deur die werk van predikante nie, maar spontaan uit die lidmate. Toe die kerk stigter vader Postma hier kom, moes die knoop nog net finaal deurgehaak word. In die storm tyd het die Gees van God self die kandelaar se vlamme flikkerend gehou.

En tog wil God mense in sy diens gebruik. Tog stuur god profete uit om Sy Woord aan Sy gemeente voor te hou en hulle soos 'n herder in eenheid van geloof en liefde saam moet snoer.



Ds. en mev. J. L. Helberg met hul kindertjies. Hendrik en Ansie

In hierdie gees wil ons na u toe kom: Ons besef dat ons geensins onmisbaar is vir hierdie werk nie, maar ons voel ook dat God geroep het en dat Hy opdrag gee: laat my skape wei...

Ons is dus her in die gemeente saam geplaas deur God. Ook weet ons dat u tot ons geroep het. U Het ook met woorde en met dade dit getoon. Daarom wil ons u toeroep: geliefde broeders en geliefde susters in die Here ons wil graag saam met u in die lig van God se kandelaar wandel. Laat ons saam opkyk, nie in die eerste plek na mekaar nie, maar na die kandelaar van God. Want in sy lig sien ons die lig vir ons lewe...

# Uit die Ons Kandelaar 1966


# Ons Kandelaar

Maandblad van die
Gereformeerde Kerk
in Krugersdorp.

## 1896 Feesuitgawe 1966

Nommer 4 | APRIL 1966 | Jaargang 16


## Van die Redaksie . . .

## SEWENTIG JAAR

SEWENTIG *jaar — vir die mens reeds 'n rype leeftyd, vir 'n gemeente in die Kerk van Christus egter nog bloedjonk. Want is die Kerk nie ten diepste so oud soos die mensdom, soos die dae van die eerste man en vrou wat, kinderlik-gelowig, met hulle Vader en Skepper in Sy tuin kon saamwees nie?*

*„Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag.*
*Voordat die berge gebore was*
*en U die aarde en die wêreld voortgebring het,*
*ja, van ewigheid tot ewigheid is U God.*

*U laat die mens terugkeer tot stof*
*en sê: keer terug, o mensekinders!*

*Want duisend jaar is in U oë soos die dag van gister as die verbyskiet,*
*en soos 'n nagwaak". (Ps. 90 : 1-4.)*

*Sewentig jaar — hierdie selfde Psalm noem die — die dae van ons jare (vers 10). En dit kan ons nou saam as gemeente bereik.*

*En daarom is dankbaarheid sekerlik gepas. Daarom dat die geleentheid nie verby mag gaan nie sonder 'n beskeie — maar nietemin feestelike — herdenking.*

*Dat „Ons Kandelaar" deur hierdie spesiale uitgawe sy deel mag bydra, is vir die redaksie 'n voorreg. In die ietwat meer as as vyftien jaar van sy bestaan kon ons gemeenteblad 'n besondere plek verwerf as mondstuk waarin lidmaat en lidmaat van hart tot hart kon praat. Ook nou dan weer van hart tot hart – al gaan dit ook oor hulle wat ons reeds vooruit gegaan het na die Triomferende Kerk. Dat ons egter in hierdie uitgawe ook die stem mag haar van manne broeders wat in die vervloë jare steeds besonder na aan ons was – en nou nog besonder na aan ons bly – is vir ons 'n ware bron van vreugde.*


* * *

*Dit is goed om 'n keer om te draai en te kyk na die pad wat agter lê. Dan egter alleen om die pad vorentoe met des te meerywer aan te pak. En veral dit: om opnuut te weet dat ons heil nóg agter nóg voor is, maar van Bo kom.*

*Want . . . die oudste Gereformeerde Kerk op die Witwatersrand is sewentig jaar oud. Maar die Koning van die Kerk – vir Hom is sewentig maal sewe jaar nog nie eers 'n halwe dag van gister, 'n halwe nagwaak nie.*

*En in Sy krag moet – en sal – ons verder.*

# Uit die Ons Kandelaar Maart 1990 deur Ds. Arnold



## GEMEENTEKAMP!!!

Ons begin die negentigerjare met 'n nuwigheid in ons gemeente, en dit is 'n GEMEENTEKAMP.

Dit beloof om 'n heerlike en opbouende naweek te wees van 9 - 11 Maart 1990 by die Braamboskampterrein by Hekpoort. Ons is dankbaar dat ons die kamp kan aanpak in samewerking met Krugerdorp-Oos wat al baie ervaring daarvan het.

Benewens pitkos rondom die tema: "Geloofsekerheid en geestelike groei" wat deur prof. Fika van Rensburg van die Teologiese Skool aangebied sal word, sal daar ook genoeg geleentheid wees vir ontspanning en lekker kuier.

Br. Friso Woudstra was so vriendelik om ons van inskrywingsvorms te voorsien wat u dan ook in Ons Kandelaar vind. Daarop verskyn ook meer besonderhede.

Vul dit asseblief in en gee dit in VOOR Sondag 11 Februarie 1990 by ds. Arnold, sodat die nodige reëlings getref kan word.

Kom ons maak dit 'n heerlike naweek!

Ds. Arnold

# Uit die Ons Kandelaar 1981

## DIE "NUWE" KANDELAAR.

Soos voorheen aangekondig (Augustus nommer), verskyn ons gemeenteblad nou in 'n effens gewysigde vorm. In daardie nommer is 'n paar argumente aangehaal waarom die Kandelaar van voorkoms moes verander. Die stilswye van die gemeente moet as instemming beskou word. In elk geval is daar deur die Kerkraad besluit op die huidige vorm van die blad.

Laat elkeen van ons weereens besin, watter plek ons gemeenteblad in ons lewe inneem. Elke maand word die blad deur die diakens op hulle rondgang in elke huis afgelewer. Waar beland hy? Op die tafel, die boekrak en oor 'n week of wat in die asblik? Of word die gewete darem so 'n bietjie gesalf deur die blaadjie deur te blaai en so hier en daar 'n paar reëls te lees? Beskou u hom maar in dieselfde lig as so vele van die gedrukte stukke wat deur die pos of andersinds in u huis beland?

Ons hoop dat dit nie een van die dinge is wat met ons gemeenteblad gebeur nie; maar dat hy wel die plek inneem wat hy behoort in te neem. In die eerste plek moet hy 'n weerspieëling wees van die aktiwiteite van die gemeente. Wat gedink, gesê, besluit en gedaan word moet in ons blad gereflekteer wees. Daardeur dien hy die besondere doel om 'n belangrike hulpmiddel té wees om die onderlinge band tussen kerkgenote, mede-gelowiges, stywer en hegter te trek. So vorm ons dan 'n hegter eenheid: Gereformeerde Kerk van Krugersdorp. En, baie belangriker nog, so kan ons beter Sy Evangelie verkondig en Sy Naam verheerlik.

Om ons gemeenteblad in hierdie doel te laat slaag moet u nie net lees wat daarin staan nie, nee, u moet self ook daarin skryf! Dit is helaas, een van die groot tekortkominge van die blad, dat so min daarin verskyn wat deur gemeentelede geskryf is. Maar by 'n later geleentheid laat hoor ons meer in hierdie verband. Ons bede en hoop is dat u hierdie s.g. "nuwe" Kandelaar in die regte gesindheid sal aanvaar, hom saam sal help uitbou tot eer van God en tot uitbreiding van Sy Koninkryk.

Red.

# ***Uit die ons Kandelaar 2010***

## Moederskamer

Met dankbaarheid teenoor die Here kan ons sê dat die bouwerk aan die moederskamer so te sê voltooi is. Die amptelike ingebruikneming sal **DV op Sondagoggend 21 November net na die oggenddiens wees.**

Die volgende riglyne vir die gebruik van die moederskamer word aanbeveel sodat alle lidmate tuis kan voel in ons gemeente:

- Die Babakamer is tot beskikking van ouers met **babas onder drie jaar**;
- Gedurende die diens word daar 'n **kleuterdiens** in die katkisasielokale aangebied vir kinders **tussen twee jaar en skoolgaande ouderdom**;
- Die kerkraad gebruik die konsistorie vir hulle vergadering tot 10 minute voor die aanvang van die erediens;
- **Nadat** die kerkraad die konsistorie verlaat het, kan diegene wat om bepaalde persoonlike redes in die

# Uit die Kandelaar 18 Februarie 2007

**GEREFORMEERDE KERK KRUGERSDORP**
**ONS KANDELAAR**
**GEMEENTE – NUUSBRIEF 18 Februarie 2007**

**Arnold Mulder**



(Arnold, Arnold jnr en Annelize, Zelda en Pieter, Ria)

Vandag is dit 'n baie spesiale dag vir Arnold in die besonder. Op 19 Februarie 1967 is hy bevestig as predikant, en kyk dus terug na 40 jaar van genade. Ons is dankbaar teenoor die Here dat Hy hom vir 40 jaar in sy diens gebruik het.

Hoe het dit begin? Hy weet nie. Hy het net van Hoërskooljare af geweet hy wil predikant word. Arnold en sy ouers het geïmmigreer vanaf Nederland toe hy 9 jaar oud was. Arnold se Pa is oorlede toe hy maar in standerd 7 was. Maar hy wou so graag predikant word! 'n Onbekende weldoener het sy studiegeld vir die eerste drie jare betaal – ons weet vandag nog nie wie dit was nie. Met beurse en vakansiewerk kon hy die sewe jaar-graad sonder studieskuld klaar maak en ook met onderskeiding slaag .

Die Here het ons so geseën dat ons gelukkig kon wees was in al die gemeentes ten spyte van probleme en krisisse.

- Ons eerste gemeente was Frankfort – ons eerste liefde. Aan die einde van 1967 is ons getroud. Dit was die tyd van telegramme en ons het ons name saamgevoeg om koste te bespaar. Vandag nog staan ons bekend as ARRIA en kon vir al die jare met vreugde saam werk in die Here se wingerd.
- Daarna Randfontein – die liefde van ons jeug, waar ook ons twee seuns gebore is.
- Toe na Carletonville – ons groot liefde. Dit was bitter om die gemeente na 12 jaar agter te laat.
- Toe na Krugersdorp waar ons aanvanklik baie swaar gekry het. Maar ons het gelouter anderkant uitgekom en verwys vandag na Krugersdorp as ons goue liefde. Ons was so bly toe albei ons seuns hier getroud is nadat hul hul studies op RAU voltooi het.

Arnold is 'n man van vrede, werk ongelooflik hard en werk baie ure elke dag, hy dink baie mooi voor hy praat en is 'n prediker by uitnemendheid. Hy doen deeglik navorsing voordat hy sy preek maak, en sê altyd die "omitting" van feite is die moeilikste sodat hy gefokus kan bly op sy teks. Hy leer vandag nog albei preke op 'n Sondag uit sy kop uit, maar skryf / tik elke woord uit. Hy het respek vir woorde en die woord-toon-verhouding in ons Psalms is vir hom kosbaar. Hy het die vermoë om presies die regte psalm met toepaslike woorde uit te soek. Soms neem die uitsoek van Psalmverse hom langer as wat hy aan die preek geskryf het!

Ons is baie lief vir ons mense en is dankbaar dat ons al die jare oral vriendelik verwelkom is met besoeke en besoek het ons besoek: letterlik duisende!

Musiek is sy ander groot liefde en hy het ook sy finale orreleksamen in matriek met lof geslaag en hy het my leer orrel speel. (nou weet jul hoekom ek so knaend bly oefen!) Vir 17 jaar het hy met lus saamgewerk aan die totstandkoming van ons nuwe Psalmboek en Liedboek. Ons woon ook baie graag musiekkonserte by wanneer ons tyd kry.

Ons gesin is hartstogtelik lief vir die woonwa: vir toer en kampeer, en het wonderlike verrykende tye saam as gesin beleef.

Die belangrikste vers in die Bybel vir Arnold is Genesis 4: "Wag daar nie blydskap op jou as jy goed doen nie?" Ook Psalm 37: "Woon en werk rustig voort" en dan sing hy baie graag lekker en Psalm 75 is vir hom spesiaal.


Baie geluk Arnold! Ons gesin is dankbaar ons kon die jare saam met jou belewe – die geknakte riete was tog 'n wenspan in die hande van die Here! Vir bykans 40 gelukkige getroude jare ook 'n diep waardering van my kant af.

*Ria*

# *Uit die ons Kandelaar 2007*

**Gereformeerde Kerk Krugersdorp**
Ontvangs dr. en mev. Wim en Hettie Vergeer en kinders

HARTLIK WELKOM IN KRUGERSDORP
GEMEENTE!



Agter: Retha, Pieter, Ronel, Richard en Hestie
Voor: Dr. Wim en mev. Hettie Vergeer

# *Uit die Kandelaar 4 Desember 2011*

# Gereformeerde Kerk Krugersdorp

Bevestiging & Intreepreek


Dr De Wet Saaiman



4 Desember 2011

PROGRAM

# *Brief van die redakteurs*



**Lubbert van Andel**

Kan jy dit glo? Ons Kandelaar is vanjaar 75 jaar oud! Hoe het die tyd gevlieg!
Oor die ontstaan en geskiedenis van Ons Kandelaar wil ek nie skryf nie – dit staan opgeteken in ons gemeente se geskiedenis wat op die webblad (gkkrugersdorp) verskyn.

Wat wel genoem moet word is dat die blad se naam Ons Kandelaar is en nie die Kandelaar nie. Daar was 'n goeie rede daarvoor: dit moes vir en van die gemeente wees.

Oor al die jare het daar baie ontwikkeling gekom en het ons saam met die tegnologie beweeg. In die begin is die berigte op wasvel getik. Wat 'n frustrasie. As ek Vrydae na skool begin met die afrol dan vou of skeur die wasvel of die letters “e” en “a” van die tikmasjien het deurgeslaan en sulke kolle ink gemaak.

Gelukkig het ons gou 'n fotostaatmasjien gekry – wat 'n heerlike vooruitgang. Vrydagmiddag het 'n groepie inwoners van Moria kom help vou en saamstel. Maar moenie glo dit was sonder uitdagings nie! Die fotostaatmasjien het altyd op 'n Vrydagmiddag sy nukke uitgehaal. Dan moes ons wag tot 'n tegnikus dit kom regmaak het.

Ek kan nie genoeg dank en lof uitspreek teen oor die inwoners van Moria en later van ons gemeente wat elke Vrydag kom help het nie. Sheila-Ann sal julle meer kan vertel. Sy en Francois was van die staatmakers. Maar toe kom ek agter dit word al hoe moeiliker vir die helpers om die regte bladsye inmekaar te vou. Oplossing: elke bladsy word op 'n ander kleur gedruk en so verskyn Ons Kandelaar in “tegnic colour”.

Ons Kerkraad het altyd mooi saamgewerk sodat ons die fotostaatmasjien telkens vir 'n nuwe uitgawe kon vervang. Met al die tegnologie het die taak al hoe makliker geword.

Met die koms van ds en mev. Mulder het dit nog makliker geword. Ria het al die tikwerk gedoen en ds Arnold het baie van die inhoud gelewer. Kerkraadslede het ook mooi saamgewerk en so kon Ons Kandelaar werklik 'n gemeente nuusbrief word.

Nuwe ontwikkeling het tot gevolg gehad dat Ons Kandelaar die verantwoordelikheid van die kerkkantoor geword het. Daar het Janet onskatbare werk gedoen. Later het die duplisering oorgegaan in die huidige gebruik om dit per epos/SMS/WhatsApp uit te stuur.

As redakteur vir baie jare was dit vir my 'n voorreg om by Ons Kandelaar betrokke te wees. Vrydagmiddae was 'n verademing met al die helpers. Ons het lekker gelag en die swaarkry met lekkerkry klaargekry. Aan hulle almal ons dank en waardering.
Mag Ons Kandelaar vir nog baie jare voortbestaan!

- Lubbert van Andel



**Dr. Janet du Plooy**

Ons Kandelaar, Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp dien die gemeente as kommunikasiemiddel vir 75-jaar. Wat ‘n voorreg was dit nie om vir meer as ongeveer 15-jaar as samesteller/redakteur betrokke kon wees by hierdie blad.

In die begin het ek baie by Ds Arnold en Sr Ria Mulder en Br Lubbert van Andel geleer. Die bywoning van die ATKV-Skryfskool het ook baie gehelp, Die kursus het in besonder aandag gegee aan taalgebruik, inhoud en uitleg van ‘n gemeenteblad. Aandag was ook gegee aan ander platforms soos sosiale- en digitale media, wat veral tydens die COVID-pandemie voortgesette kommunikasie met die gemeente moontlik gemaak het.

Die doel van Ons Kandelaar is en was nog altyd om as kommunikasiemiddel ‘n bydrae te lewer tot groter meelewing in die gemeente deur middel van die deel van lief-en-leed van lidmate, asook die plasing van berigte van kerklike aktiwiteite van die verskillende diensgroepe. Met die oog op gemeentebou en geloofsgroei was bydraes van onder andere Br Louwtjie Naudé, Oom Trynko Malan en Dr André Grové deur die jare van onskatbare waarde. Ook ons predikante het nie gehuiwer om hul bydraes deur te stuur nie, alhoewel party (sal nie name noem nie) teen Woensdag opgevolg moes word met ‘n vriendelike herinnering dat die bydrae of godsdiens rooster vir die komende Sondag nog uitstaande is! Dit was en is vandag nog nodig om sommige van die diensgroepe gereeld op te volg vir ‘n verslag van die betrokke diensgroep se aktiwiteite. Diensgroepe wat hulle nie hieraan skuldig gemaak het nie, is onder andere die Forum vir Seniors, Koningskinders en die Diensgroep vir die Reddersburg Kinderhuis.

Ons leef in ’n wêreld wat dikwels besig, kompeterend en afleidend is. As gevolg van hierdie dinamika in ons daaglikse lewe, as ons eerlik met onsself is, word ons dikwels vasgevang in die wêreld se illusies en ons eie blindekolle en skadukante. Op my lewensreis het ek ontdek dat daar in stilte ’n geskenk en gawe lê wat nêrens anders in die lewe te vinde is nie. Stilte is beide ’n dissipline en ’n gebed. Stilte is ’n manier om terug te kom, om te herverbind .... aan onsself en aan God en aan die wêreld met haar veelsydige skoonheid, goedheid en gawe. In die Gereformeerde Kerk Krugersdorp is daar gereeld geleenthede om stil te word, veral op Sondae tydens die eredienste.

Dankie aan ons predikante wat gereeld die komende Sondag se preek sketse vir plasing in Ons Kandelaar instuur. Dit lewer ‘n groot bydrae om voorbereid eredienste by te woon.

- Janet du Plooy

# *Brief van die predikante*



**Dr. De Wet Saaiman**

**BEVORDER GOD SE GEREGTIGHEID!**

Want uit die ooste of weste, of selfs uit die woestyn, kom daar geen verheffing nie (Psalm 75:6).

As God jou in ’n bepaalde werk of besigheid plaas, gaan dit nie oor die posisie of jou aanstelling nie. Wat vir Hom belangrik is, is hoe effektief jy jou posisie gebruik om Sy geregtigheid te bevorder. Hy wil hê dat jy passievol moet wees vir die Evangelie en die vestiging van Sy Koninkryk in die harte van mense en nasies van die aarde.

Oral waar jy is, wees besig vir die Here. Staan jy op vir Hom. Jy is Sy ambassadeur en ’n bedienaar van versoening (2 Kor. 5:20-21). Wat die meeste in jou lewe tel, is wat jy met die Evangelie doen, tot die verlossing van mense, ongeag jou beroep.


Die apostel Paulus het in 2 Korintiërs 8:23 sekere persone geprys wat saam met hom op sy sendingreise was. Hy was trots op hulle toewyding aan die Evangelie en het gesê, “… hulle is verteenwoordigers van die gemeentes en ’n eer vir Christus” Wat ’n getuienis! Verteenwoordigers van die gemeentes en ’n eer vir Christus. Wat ’n eer. Dit maak nie saak waar jy is of wat jou roeping is nie; sien jouself as die gestuurde een; verteenwoordig die kerk en die heerlikheid van Christus.

Verkondig die Evangelie. Bedien die Woord aan diegene in jou wêreld. Die Bybel sê dat Hy “…ons bekwaam gemaak het om as bedienaars van die nuwe verbond op te tree, nie met die wet as inhoud nie, maar met die Gees as inhoud. Want die letter maak dood, maar die Gees maak lewend” (2 Kor. 3:6).

Jy is God se mondstuk; Praat vir Hom! Doen Sy werk. Doen groot dinge vir Hom. Wees waaghalsig. Laat niks jou stil hou nie. Hou aan om Sy boodskap van geloof, hoop en liefde met dringendheid oor te dra, want die einde van alle dinge is naby (1 Pet. 4:7).

So was en is die Ons Kandelaar vir die afgelope 75 jaar die amptelike mondstuk van die Gereformeerde Kerk Krugersdorp. Somtyds propvol inligting, met ander tye met minder, maar altyd ’n bron tot opbou en uitbou van die gemeente. In die Ons Kandelaar is ons ook elkeen, soos in Psalm 75, opgeroep om God se geregtigheid te bevorder. Mag die Ons Kandelaar in die tye wat kom ook nog aan hierdie roeping voldoen en mag dit van krag tot krag gaan tot God se eer. Uiteindelik weet ons, soos Psalm 75 dit so duidelik stel: God het die laaste woord!

- Dr D Saaiman



**Dr. Wim Vergeer**

Die kandelaar waaraan ons gemeente se nuusbrief sy naam ontleen, het in die heilige deel van die tempel gestaan. Dit was van suiwer goud en die sewe lampe van daardie kandelaar moes dag en nag brand as getuienis dat God by sy volk teenwoordig is (Lev 24:3). Waar God is, is lig! In die boek Openbaring vind ons die beeld van die kandelaar weer terug as simbool van die kerk. Die verheerlikte Christus is by sy gemeentes teenwoordig (Op 1:12-13, 20).

Met die naam “Ons Kandelaar” wil ons nuusbrief dus méér wees as net ‘n blad wat interessante berigte en aankondiginge oor komende aktiwiteite meedeel. Sy doel is eerder om daarop te wys dat God ook in ons gemeente teenwoordig is, en om lidmate uit te nooi om dit te kom beleef. Maar hoe?

Wanneer ons uitgenooi word om God se stem te kom hoor in die verkondiging van die woord. Dit gebeur tydens die eredienste, met Bybelstudie, katkisasie en deur die artikels wat Skrif waarhede vir ons opdek.

Wanneer Jesus se liefde onder ons sigbaar word in die betrokkenheid by en ondersteuning van siekes, beproefdes, bedroefdes en armes.

Wanneer die onderlinge meelewing gestalte kry in ‘n verskeidenheid van gemeente samekomste. Waar twee of drie in sy Naam teenwoordige is, daar is die Here immer self ook.

Let daarop dat die kandelaar self nie die lig is nie - dit is die draer van lig. Dit roep ons op om in die lig van God se teenwoordigheid te lewe ( 1 Joh 1:7). Juis dit doen ons geliefde nuusbrief al 75 jaar lank!

Kosbaar is die werk wat redakteurs en medewerkers in hierdie driekwart eeu in die Ons Kandelaar gedoen het. Dit het vrug gehad, selfs tot buite ons gemeentegrense. Mag die so voortgaan. En mag die oproep om in die lig te bly lewe ons elke week weer inspireer tot ‘n noue verbintenis met God en sy gemeente.

- Dr Wim Vergeer



**Dr. Arnold en Ria Mulder**

**Liewe "Ons Kandelaar",**

Hartlik geluk met jou 75 ste verjaarsdag! Vir jare lank het jy vreugde in ons gemeente se harte gebring!

Ons is baie dankbaar teenoor:

- Die Here vir sy genade en voorsiening en toerusting
- Alle lidmate wat gehelp het en hul dienste aangebied het met voorbereiding van die blaadjie.
- Die Kerkraad wat die onkoste vrywillig gedra het van die nukkerige fotostaatmasjien en papier

Ek kan eintlik net gesels oor die Kandelaar tydens ds. Arnold se bedieningstyd van 1986 tot die koms van dr. Vergeer.
Daar was nog nie die luukse van 'n kerkkantoor nie en lidmate het self al die werk gedoen.

Lubbert van Andel het voor ons koms vir jare lank die Kandelaar getik en gefotostateer en uitgedeel en jaarliks 'n kopie van die Kandelare gebind het: een vir ons biblioteek en een vir die Kerk argief in Potchefstroom.
Van ons koms is die werk gedoen deur 'n driemanskap met Lubbert steeds as redakteur, Arnold en Ria.


Die blaadjie het gou uitgebrei en n hele boekie geword!
Marietjie van Rooyen het die mooiste voorblaaie geskets van Sondae se preek. Arnold het die Huisgodsdiens rooster self beplan en getik. Die inhoud van die blaadjie is weekliks saamgestel. Verskeie rubrieke het die lig gesien. Onthou jul Danie van Vuuren se kostelike rubriek waarin hy elke week ‘n kerkraadslid bekendgestel het, Ella van Tonder se rubriek vir die kinders, gedigte van Koot Kriel, rubrieke van Trynko Malan snr ens.

Ria het die tikwerk gedoen en Arnold die proeflees. Saktyd was Donderdagaande 7 uur en moes by die redakteur se huis afgelewer word. Vandat Ria ook buite die huis begin werk het, was dit dikwels ŉ groot geskarrel om betyds klaar te kry. Arria het die verjaarsdagkalender ook bygehou en dis hoe elke gemeentelid steeds elkeen ŉ gelukwensing van Ria ontvang na die oorlye van Arnold. Goeie gewoontes bly behoue!
En dan het Lubbert se groot werk begin! Hy het alleen die Kandelaar met sy 8-12 bladsye (afhangend van die nuus) gefotostateer. Maar Lubbert was slim. Hy het gereël dat ŉ aantal seniors uit Moria kom help met versamel en vou! Elke bladsy was in ŉ ander kleur afgedruk sodat die seniors nie sou deurmekaarraak nie. Lubbert het dit vir hul so gesellig gemaak dat daar nooit ŉ tekort aan vouers was nie. Sondagoggend het Lubbert by die kerkdeur gestaan en elkeen se Kandelaar met ŉ vriendelike groet self oorhandig! Daarna het die Driemanskap bietjie gerus maar steeds met hul ore wawyd geloop om moontlike nuus op te vang!
(Ek wil nie skinder nie maar vra gerus vir Lubbert en Irene na die blaadjie wat hul die een Sondag uitgedeel het aan dr. Duursema)

Dit was harde werk maar met groot vreugde gedoen. Toe was ons kerk doodstil voor die diens want meeste mense het eers gekyk wat is in die blaadjie! Baie dankie aan lidmate vir baie positiewe kommentaar. En soms ŉ opmerking: ek sien jy het die Kandelaar gehaal!

Aan God al die eer wat almal gewillig en bekwaam gemaak het.

- Ria (en wyle Arnold Mulder)



**Ds. André Grové**

## Ons Kandelaar – 'n genade van God

Dit is werklik 'n groot genade om 'n gemeente nuusbrief soos “Ons Kandelaar” al vir 75 jaar te kan hê. Die waarde vir 'n gemeente van so 'n geskrif kan moeilik onderskat word. Dit vervul 'n baie belangrike prinsipiële funksie in 'n gemeente. 'n Mens kan jou eintlik nie daarsonder indink nie. Seker die belangrikste is dat dit die gemeenskap van die gelowiges bevorder. (Ek gaan nie in op die waarde van die preke wat aangekondig word nie, Bybelstudies, diakonale werk, e.a. wat in “Ons Kandelaar” aan die orde kom nie.)

Reeds van die eerste gemeente in Jerusalem af is juis die onderlinge gemeenskap van die gelowiges beoefen. Dit is 'n kernelement van gemeente-wees. Ons lees in Handelinge 2:46-47 van die eerste gemeente: “Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys.” Toe Petrus uit die tronk deur die Here bevry is, lees ons Handelinge 12:12: “Met dié gedagte is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem is, waar baie gelowiges saam was om te bid.” In 1 Korintiërs 12 word die gemeente as 'n gewone liggaam voorgestel en dat die lidmate met mekaar te doen kry – ja, noodwendig met mekaar te doen hét. Vers 26: “As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.” Dit is die praktiese beoefening van die gemeenskap van gelowiges. Hierdie “gemeenskap van gelowiges” loop deur tot in die hiernamaals (Efes. 3:15).

Wanneer ons in “Ons Kandelaar” elke week lees van ons mede-broers en -susters wat siek is en treur, wat vreugde ervaar en voorspoed beleef, dan is ons saam met hulle hartseer en bly. Dan dra ons mekaar se laste (Gal. 6:2). Dan bel ons mekaar en praat mekaar moed in en vertroos mekaar. Dan wens ons mekaar geluk (met verjaarsdae, en trou herdenkings, en prestasies). Ons ly saam met dié wat ly, en is bly saam met dié wat ly. Ook die Forum gee gestalte aan hierdie meelewing. Ons moet mekaar liefhê (Joh. 13:34).

Om al hierdie dinge wat ons as gelowiges teenoor mekaar moet doen, te laat gebeur, is “Ons Kandelaar” 'n onontbeerlike geskrif. Kom ons waardeer en koester dit – en dank ons Here Jesus Christus daarvoor.

- Ds André Grové

# *Ons Kandelaar is 75 Jaar!*

So stilletjies het die Ons kandelaar week na week ook die geskiedenis van ons gemeente en sy lidmate gedokumenteer. In die ou uitgawes, word dit ’n belewenis wat interesseer en ontroer. Jy lees die lief en leed van die gemeente, die ryke geskiedenis van die Kerkgebou, ons predikante, gelukkige en hartseer gebeure en besluite van die kerkraad. In ons kandelaar lê die geskiedenis van die gemeente se voorbidding, dienswerk, lidmate en besluitneming opgeteken. Dit is ’n deel van die geskiedenis van God se koninkryk in Krugersdorp.

Ons Kandelaar het voorwaar die toets van tye deurstaan

75 jaar as ’n gemeenteblad! Dit gebeur nie baie in ’n gemeente se bestaan nie- maar die mylpaal is deur die Ons Kandelaar bereik!

Daarom is dit belangrik om soms:

**Terug te kyk** – en dankbaar in herinneringe te roep, die werk van predikante, kommissielede, kunstenaar, redakteurs en alle helpers wat soveel liefde gehad het vir hierdie gemeentebou-projek;

**Rondom te kyk** – en die arbeid op te merk van alle mense betrokke by die Ons Kandelaar en die kerkraad wat die middel beskikbaar stel... en ’n woord van dank teenoor hulle uit te spreek vir hulle onvermoeide ywer;

**Vorentoe te kyk** – en God te dank vir soveel genade en genadegawes wat hy aan hierdie gemeente geskenk het en dat Hy sy seën sal gee vir die pad vorentoe;

Mag die lig, warmte en energie van ons lidmate deur middel van die Ons Kandelaar wyd gesien, beleef en gebruik word tot eer van die Here.

Ons Kandelaar mag jou lig altyd skyn!

- Redakteur Bianca Joubert


Ons Kandelaar
September 1999
ONS
KANDELAAR
Ons
KANDE
PSALM 34:21
Ons Kandelaar



***"Watter skatte van genade***
***sal beskryf word op die blade***
***wat die nageslag sal lees"***
***Psalm 102:8***